Publication: Witzenberg Herald

Date: Friday, December 17, 2021

Page: 3

## Renosters geskiet

# Vier verdagtes vasgetrek

**VIER renosters is verlede Woensdagaand op die private wildreservaat Inverdoorn doodgeskiet. 'n Vyfde renoster is in die kop gewond.**

Die stroopvoorval het oor die land en in die buiteland reaksie en woede uitgelok en kom in 'n slegte tyd waar die toerismebedryf en privaat reservate reeds swaar deur 'n internasionale reisverbod getref is.

**Deurbraak en hofverskyning**

Met die hulp van die SAPD, die veediefstal- en bedreigde spesie eenheid in Worcester, CapeNature en forensiese ondersoekers, is daar verlede week 'n deurbraak gemaak in dié saak.

Vier buitelanders is verlede Vrydag gearresteer en onder streng polisiebewaking na Ceres gebring.

Die vier mans van Mosambiek en Zimbabwe, het Maandag 13 Desember vlugtig op Ceres verskyn voordat die saak tot **20 Desember** uitgestel is.

Weens veiligheidsmaatreëls is min oor die ondersoek bekend en word die vier verdagtes, Amade Congto (46) van Mosambiek, Justice Cossa (27) van Limpopo, Innocent Chiwenya (57) van Zimbabwe en Wishes Mugari (29) van Zimbabwe, op 'n onbekende plek aangehou.

Die ondersoek duur voort en nog leidrade word opgevolg.

Geen steen is onaangeroer gelaat om die skuldiges op te spoor.

Behalwe vir 'n reuse beloning moes alle personeel van Aquilla en Inverdoorn ook leuenverklikkerstoetse aflê.

**Verklaring uitgereik**

Volgens 'n verklaring van Aquilla Collection en die eienaar, Searl Derman - wat kort na die voorval uitgereik is - is die bestuurspan en personeel erg getraumatiseer na die voorval wat **Woensdag 8 Desember** plaasgevind het.

Die teenstropingseenheid het omstreeks 22:30 tydens hulle roetine patrollies op die 10 000 hektaar privaat wildreservaat, op die renosters afgekom. Inverdoorn is ongeveer 65km van Ceres op die Sutherlandpad geleë.

Omstreeks 02:00 Donderdagoggend is die beseerde renoster koei opgespoor.

Al die renosters is met groot kaliber vuurwapens met knaldempers geskiet. Die teenstropingseenheid het hulle patrollies verskerp na die voorval.

Alhoewel die onderneming nie renosteronthoring bevorder nie, was een van die vier renosters met 'n unieke sintetiese horing toegerus. Dit en die nodige kennisgewings hieroor op draadheinings, het egter nie die stropers afgeskrik om die aanval te loods nie. Die veselglashoring het geen finansiële waarde vir die stropers nie.

**Beloning**

Derman het 'n beloning van R100 000 uitgeloof vir inligting wat sal lei tot die inhegtenisname en skuldigbevinding van die oortreders.

In 'n opvolgverklaring en sosialemedia inskrywings op Facebook, word melding gemaak van die goeie vordering wat met die ondersoek gemaak word en dat die renoster koei wat in die kop geskiet is, die naweek deur veeartse op Inverdoorn ondersoek is. Sy is op 'n drup gesit en haar beserings en vordering word dopgehou waarna daar sal besluit word wat is die beste behandeling vir haar.

**Agtergrond**


Aquila privaat wildreservaat het in Augustus 2011 ook deurgeloop onder stropers toe twee renosters doodgeskiet is.

Die *Saving Private Rhino* inisiatief is daarna geloods waar fondse teen renosterstroping ingesamel word. Die nie-winsgewende organisasie werk ook nou saam met City Guns wat privaat reservate in die land help met teenstropingsopleiding en wapens.

**Skenkings**

Die gemeenskap wat die *Saving Private Rhino* inisiatief wil ondersteun, kan 'n epos stuur na info@savingprivaterhino.org of 083-441-2826 skakel.

Hulle kan ook die Facebookblad van *Saving Private Rhino* besoek.



This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.